

KOMITTEE TERUGVOERING – Julie 2019

***"Om te meet is om te weet" w*as die tema van die komitee sessie by die leiersdag van 12 Junie.**

10 Geldige kriteria vir komitee funksionering is gebruik.

% Meting	0 – 39%	40% - 49%	50% - 59%	60% - 69%	70% - 79%	80 – 89%
Aantal plase	5	3	5	5	6	2

- 60% meet gemiddeld en bo-gemiddeld. Dit is bemoedigend!
- Hierdie meetskaal kan verder gebruik word op die plaas.
- Name en kontaknommers is voorsien vir opvolg in Nov./Des.

Vra & Kla

- Werkers kla by die komitee, praat daaroor by die vergadering en verwag dan bestuur moet iets doen. Dit kan verander as die **komitee self punte vooraf sif**.
- Hoe? Maak moeite, luister, ondersoek, bepreek, vind uit, gee inligting & gee dan terugvoering.
- Voordele: komiteelid is bemagtig vir ’n aktiewe rol, sake word spoedig uitsorteer, korter agenda, beleidsake kan nou deeglik bespreek word.

Jaarbeplanning

- Die komitee kan dit dryf, maar dit moet die plaas se Jaarbeplanning wees.
- Plase soos Langrivier en Delmien doen dit al.

Pakket Onderhandeling

- ’n Mandaat om hiermee te begin is eers nodig vanaf werkers en bestuur.
- La Plaisante en Bronaar pas dit al met groot sukses toe.

Wetgewing en oudits druk vir werknemer verteenwoordiging. Dit sluit in:

- Werkplek Forums (Billike indiensneming); op plase word dit gewoonlik werkerskomitees genoem.
- Opleiding Komitee.
- Veiligheid en Gesondheid Komitee.

Sekere plase verkies een komitee.

KAW mening
Om seker te maak of ons komitee opleiding voldoen aan wetlike en oudit vereistes is kers opgesteek by die KAW en ander kenners. Belangrikste wat hieruit spruit is:

- “Elke plaas is subjektief en die werkerskomitee moet **vanuit** die werksmag kom"
- **“**Die ILO wil sien dat die werkers die platform gebied word om te kan **kies**"
- “Oudit personeel laat hulle baie lei deur reaksies van gewone werkers of hulle **voel** dat hulle verteenwoordig word.”

Ons onderskei tans tussen spesifieke V&G opleiding, en ander generiese Komitee opleiding. Soos altyd is dit prakties en gebaseer op wat ons in die praktyk beleef. Ons vraag aan ons lede is of dit voldoende is:

- Behoort ons spesifiek ’n Werkplek Forum opleiding aan te bied met die wetsvereistes as uitgangspunt?
- Is daar voorskrifte vir generiese komitee opleiding (soos wat ons tans doen)?
- Wat is die vereistes van die Dept. van Arbeid t.o.v. hierdie opleiding?
- Wat is die vereistes van die oudits t.o.v. hierdie opleiding?

Ons ondervind dat die aanvraag vir hierdie tipe opleiding groei. Ons behaal ook die beste resultate waar insette ’n kombinasie van kursus en plaas-spesifieke afrigting is. Dis noodsaaklik dat plase positief sal wees oor ons insette, maar dat die opleiding ook sal voldoen aan vereistes wat van buite gestel word. Terugvoering in die verband sal verwelkom word.